# Praat, of dinge gaan sleg eindig

**Vlugskrif**
Amanda Gouws



Andile Mngxitama, leier van die Black First Land First (BLF), behoort eintlik geen mediablootstelling te kry nie, maar hy maak seker daarvan deur sy onsmaaklike populistiese uitlatings, soos sy onlangse uitlatings oor die Joodse volksmoord.

Volgens Mngxitama het hy uitgewys dat Jode rassisties is omdat hulle Helen Zille nie oor haar opmerkings oor die voordele van kolonialisme in Afrika tereggewys het nie. Sy gevolgtrekking is dat die impak van kolonialisme op swart mense Jode nie skeel nie en hulle dus rassisties is.

Hierdie reduksionistiese identiteitspolitiek lei tot die homogenisering van groepe mense sodat hulle almal as dieselfde gesien word: Alle Jode is rassisties, alle Jode het dieselfde op Zille se twiets gereageer, alle Jode keur kolonialisme goed, ensovoorts.

Dit lei ook tot die absurde gevolgtrekking dat almal wat swart is, eerbaar optree.

Mngxitama se BLF het onlangs ook wit joernaliste oor hul onthullings oor die Guptas geteister. Die BLF verdedig die Guptas omdat hulle swart is!

Dít ten spyte daarvan dat die Guptas se betrokkenheid by staatskaping gelyk gestel kan word aan koloniale optrede wat geld wegneem van dienslewering wat arm swart mense die ergste raak.

Die gevaar van Mngxitama se politiek is dat hy mense op grond van ras mobiliseer, terwyl hy ander groepe demoniseer. Deur mense te demoniseer verontmenslik hy hulle ook en word dit soveel makliker om met geweld teen "die ander" op te tree.

Dit is hier waar liberalisme faal. Een van die fundamentele aspekte van liberalisme is vryheid van spraak, maar op die voorwaarde dat as jy vryheid van spraak vir jouself toeëien, jy jou opponent ook dieselfde vryheid van spraak moet gun. Dit is die definisie van liberale verdraagsaamheid.

Burgerlike regte kan net beskerm word deur 'n staat wat dit ernstig opneem. Op die oomblik is die staat in Suid-Afrika afwesig en trek voordeel uit die spanning wat deur populisme veroorsaak word.

Mngxitama is 'n opportunis wat homself in die Gupta-kamp bevind. Hy baseer nie sy argumente op 'n beginsel van geregtigheid nie, maar eerder op watter voordeel hy persoonlik daaruit kan trek.

Ongeregtigheid van die verlede is nie simmetries nie. Die volksmoord van die Jode is net een voorbeeld van 'n eeue lange vervolging in baie dele van die wêreld, wat die verspreiding van Jode oor die hele wêreld tot gevolg gehad het. Kolonialisering van Afrika het tot die grootskaalse diaspora van Afrikane oor die hele wêreld en die onderontwikkeling van Afrikalande gelei.

Vir albei groepe is die pyn en voortslepende gevolge onmeetbaar. 'n "Tit-for-tat" in hierdie situasie is sinloos en kan net opruiend wees.

Mngxitama se uitlatings lei tot groter rassepolarisasie in 'n land waar politieke spanning hoogty vier en waar baie mense begin glo die enigste oplossing vir die gevolge van kolonisasie en apartheid is haatspraak en geweld.

Dit sluit 'n gesprek oor oplossings en solidariteit tussen rassegroepe oor geregtigheid vir die koloniale en apartheidsverlede uit.

Verlede week het FNB vier senior personeellede afgedank oor rassistiese uitlatings op e-pos, waar onder meer op 'n beledigende manier na Mmusi Maimane se wit vrou verwys is. Almal van hulle was broodwinners.

Ek verstaan FNB se impuls, maar was dit die beste manier om hierdie situasie te hanteer? Dit bevestig slegs wat die personeellede glo, naamlik dat "witmonopoliekapitaal" die oorsaak van hul ellende is.

Ons moet 'n gesprek begin, anders gaan dinge baie sleg eindig.